# SES KENMERKE VAN 'N GEMEENTE WAT GETROU IS AAN SY ROEPING

Esegiël 47:1-12.
In hierdie visioen sien die profeet hoedat die water wat onder die drumpel van die tempel uitloop, 'n al hoe sterker stroom word. Oral waar dit kom, bring dit *nuwe lewe, groei, vrug* en selfs *genesing*! Dit is vir my 'n treffende beeld van **die invloed wat 'n kerk** of gemeente wat aan sy roeping getrou is op die samelewing kan hê. Ek wil dat ons kortliks sal aandag gee aan **6 kenmerke** van so 'n gemeente.

## WAT BIND ONS AAN MEKAAR? (GOM? )

Die kerk **bestaan uit** mense wat glo dat Jesus vir ons sondes *gekruisig* is, maar ook weer *opgestaan* het en sedertdien *lewe en regeer*! **Jesus is Koning!** Hierdie geloof *troos* ons, *bemoedig* ons, *versterk* ons. Dit maak die lewe vir ons die *moeitewerd*. Dit is hierdie geloof wat ons aan mekaar *bind*. **Die geloof dat Jesus leef en regeer, is die gom**, die een groot *gemeenskaplike faktor* tussen ons met al ons verskille. Dis 'n *waarheid waarsonder* ons ons lewe nie meer kan voorstel nie!
Ons **mag en wil** hierdie waarheid ook nie vir onsself hou nie. Dit is die **kerk se <u>roeping</u>** om hiervan te getuig. Dis **vir ons belangrik** dat ander dit ook moet weet en glo. **Die groot vraag is: Hoe sal mense daartoe kom om te glo dat 'n man wat aan 'n kruis gesterf het, nou lewe en op die troon van die wêreld sit en in beheer is?!** Dit klink mos absurd! Watter *argumente* moet ons gebruik om hulle te oortuig? Watter *tekste* moet ons vir hulle aanhaal? Watter *predikers* moet ons nooi? Watter *skrywers* moet ons nader om boeke hieroor te skrywe? Hoe het *Jesus gedink* dat ons dit moet doen?
**Leslie Newbegin** wys daarop:*"Jesus het nie 'n boek geskryf nie, maar 'n gemeenskap gevorm."* Sy metode was dat sy volgelinge **<u>se lewens</u>** ander moes oortuig om ook Sy volgelinge te word. Dit is **vandag nog** die mees effektiewe metode om ander vir Jesus te wen. **Mense moet in ons lewens kan sien en agterkom dat Jesus wat gekruisig is, leef en regeer**.
Wil **moderne mense** weet wat in die Bybel staan? Ek dink nie so nie. Wil hulle sien watter verskil dit maak in die lewens van kerkmense? Ek dink beslis so.
Die gemeente, kan ons miskien sê, verskaf **die begeleiding** vir die evangelie, en as die begeleiding vals is, sal die evangelie nie as goeie nuus oorkom nie.
**'n Gemeente wat die volgende kenmerke vertoon, sal die evangelie vir die wêreld daar buite meer geloofwaardig maak.**

1. Dit sal 'n DANKBARE gemeenskap wees. Die Woord van God leer ons immers dat ons **uit genade** gered is en nog steeds alles uit genade ontvang. Ons weet alles is *gegewe en vergewe – "given and forgiven"* – dan kan ons mos nie anders as om verskriklik dankbare mense te wees nie! Dit is 'n dankbaarheid wat uitdrukking vind in **lof en aanbidding** teenoor God. Ons *buig voor* Iemand aan Wie al die lof, eer en aanbidding toekom. Dit is vir ons heerlik en glad nie vernederend nie.
So 'n houding is **vreemd vir die wêreld**. Dankbaarheid ontbreek baie maal, want *"dis mos ons reg!"*. Elkeen *staan op* sy/haar regte en niemand *buig die knie* voor niemand nie! As kerk weet ons dat wie voor God op sy regte staan, sal bedroë daarvan afkom, want na regte behoort ons almal verlore te gaan!
'n Gemeente wat die evangelie glo en leef, sal **nederig en dankbaar** wees en aan **God die eer** gee en sal so die evangelie van genade meer geloofwaardig maak. Opregte dankbaarheid is altyd 'n aantreklike eienskap.

Tweede eienskap van so ‘n gemeente:
2. Dit is ‘n Gemeenskap van WAARHEID. **Jesus** het vir sy volgelinge gebid: *“Laat hulle aan U toegewy wees deur die waarheid. U woord is die waarheid.”* (Joh 17:17)
In die kerk word ons voortdurend herinner aan die **ware verhaal** aangaande die mens se *natuur en bestemming*. Ons is na God se beeld geskape en veronderstel om sy verteenwoordigers en bestuurders op aarde te wees. Omdat die sonde ons laat ontspoor het, het ons sy Seun en die Heilige Gees nodig om weer terug te kom op die spoor. Dis waarvoor Jesus moes sterf aan die kruis. **Hy is** die Weg en die WAARHEID en die Lewe.
Hierdie mensbeskouing **verskil** in belangrike opsigte van die wêreld se opinies oor die menslike natuur en sy bestemming. Daarvolgens is die mens **van nature goed**. Jy moet net *jouself wees*. Jy is jou *eie wet*. Wat vir jou goed is, is reg. Waarheid is *relatief*. Waarheid is wat VIR JOU waar is. Jy het ook nie ‘n *ewigheidsbestemming nie*.
**Gevolglik verskil** die kerk en die wêreld oor wat **belangrik** is en wat die **moeitewerd** is om na te strewe. Die **boodskap van baie van die media** oor wat *sukses* bv beteken, of oor die *waarde van rykdom, voorkoms, sportprestasies* ens. staan soms *lynreg teenoor* die boodskap van die Bybel daaroor. Baie glo ook jy kan maar die waarheid **plooi** soos wat dit jou pas. In die wêreld is daar gevolglik baie *valsheid en misleiding*.
Die **evangelie praat anders** oor die waarheid. Gelowige kerkmense sal daarom waardes soos *eerlikheid, egtheid en opregtheid* nastreef. Hulle sal mense met **integriteit** wees. Hulle sal **lewende getuies** wees dat Jesus leef, want dit is hoe Hy was.

Derde eienskap van so ‘n gemeente sal
3. ONSELFSUGTIGE DIENS wees. Hulle sal nie vir hulleself leef nie, maar **betrokke** wees by die nood van die omgewing. “*Die kerk moet vir die omgewing die plek wees waarvandaan goeie nuus oorvloei in goeie dade.”* (beeld in **Esegiël**).
**Jesus** het gesê *“Hy het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as ‘n losprys vir baie.”* (Matt 20:28) Onselfsugtige dienslewering is **‘n kragtige ondersteuning** vir die evangelie. Jy kry dit nie baie in die wêreld nie. Daar is baie meer mense wat *bedien wil word* as wat wil dien. (Moeder Teresa – nie vir ‘n miljoen dollar!)

4. Dit is ‘n VERSOENENDE GEMEENSKAP.
*“God het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening toevertrou.”* (2 Kor 5:18) Die kerk is daar sodat mense met God versoen kan word. Wanneer ons self nie met medegelowiges versoend lewe nie, plaas ons ‘n **klankdemper** op hierdie boodskap sodat buitestaanders dit skaars sal kan hoor. As ons met mekaar **oorhoops** is, praat ons dade so hard dat hulle nie ons woorde kan hoor nie. Gelukkig kan ons adak weer deur ons voorbeeld soos k**lankversterkers** wees.

Daar het die afgelope week by die **Lausannekongres** in Kaapstad ‘n Palestynse en ‘n Joodse Christen saam op die verhoog verskyn. Een van hulle se woorde was: *“As Jood en Palestyn vir mekaar kan sê ‘ek is lief vir jou’, sal die wêreld die krag van die Christelike boodskap van versoening kan sien."* (DB 20/10/10)

Die wêreld sukkel maar om **diversiteit** te hanteer. Die mooi idee van ‘n **reënboognasie** is in SA in baie opsigte ook nog net ‘n droom.

**In die kerk** is daar ook baie verskille tussen mense wat ouderdom, gawes, spiritualiteit, kennis ens. betref. Die Here **Jesus** het nie onderskeid gemaak nie. Hy het **gebid** dat alle gelowiges *"een mag wees ... sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het."* (Joh 17) **In die manier waarop** ons mekaar tsv al ons verskille *aanvaar,* met mekaar *saamwerk* en mekaar *ondersteun* in die gebruik van ons gawes in diens van God en ons naaste, kan ons die *evangelie van God se nie-diskriminerende liefde* vir die wêreld meer geloofwaardig maak.

Vyfde eienskap:
5. Dis 'n gemeenskap waar mense vir mekaar VERANTWOORDELIKHEID aanvaar. Die kerk is die **liggaam van Christus.** Ons is *onderling verbonde* en op mekaar *aangewese*. Ons *vul mekaar aan* en bereik so ons **volle potensiaal** – soos die spreekwoord sê: *"'n mens is 'n mens deur ander mense*".
Die **individualisme van die** Westerse kultuur is die wortel van sy probleme. Daar is dit *elkeen vir homself*. Die *wenner vat alles*. Net die *fiksste oorleef*. Dis 'n geval van *"Is ek my broer se oppasser?"* soos wat Kain gevra het.
**Jesus Christus is die teenpool** van Kain. Die gemeenskap wat Hy kom stig het, is een waar mense aan ander doen soos wat hulle *aan hulleself gedoen* wil hê; waar dit *gelukkiger maak* om te gee as om te ontvang. In Handelinge 2 lees ons van die **eerste christelike gemeente** dat hulle hulle toegelê het op *"die onderlinge verbondenheid"* en *"alles met mekaar gedeel"* het. En dan volg daar die woorde: *"En die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg."*
Waar **Jesus Koning** is in 'n gemeente, raak so 'n **liefde en omgee tweede natuur**. Dit sal 'n kragtige getuienis wees dat Jesus leef.

Sesde eienskap:
6. Dis 'n gemeenskap van HOOP. Die omstandighede daarbuite is vandag moeilik en baie mense voel maar bra **pessimisties** oor die toekoms. Die wat nie reeds moed opgegee het nie, gryp na allerhande **strooihalms**. Baie Westerlinge soek **ontvlugting** in *Oosterse godsdienste*. 'n Sielkundige van Houtbaai beweer haar grootste opposisie by wie mense om hulp gaan aanklop, is *astroloë* (en dit ten duurste!)
**Die evangelie**, daarenteen, bied hoop in die mees hopelose situasies. **Jesus Christus** het immers die *dood oorwin* en sit op *die troon* en daarom is Hy ons Hoop. Hy maak 'n *nuwe begin* moontlik. Die Heilige Gees gee aan ons die *nuwe geboorte*. Nou het ons die **onblusbare hoop** op die ewige lewe. God belowe om alles *ten goede* te laat meewerk vir hulle wat vir Hom lief is.
Hoe sal ander daartoe kom om dit ook te glo? Wel, dit sal baie help wanneer gemeentes **bakens van hoop is en oprig**. Daarvoor hoef ons ons nie **blind** te hou vir die onaangename feite van die lewe nie. Ons hoef nie in 'n *"fool's paradise"* te lewe nie. Die evangelie gee ons egter rede om te hoop ***"tsv";*** om soos 'n Habakuk te sê *"nogtans ... nogtans sal ek jubel"*.
As die **wêreld nou-al stukkies hemel-op-aarde** by ons kan beleef en waarneem, mag hulle dalk besef die evangelie verkondig nie maar 'n *"pie in the sky when you die"* nie – jy kan nou-al op aarde 'n voorsmakie van daardie hemelpastei kry!

SLOT
**Jesus het nie 'n boek geskryf nie, maar 'n gemeenskap gevorm**. Ons is daardie gemeenskap wat deur die wêreld soos 'n boek gelees word. Mag Hy ons vorentoe getrou maak aan ons roeping! (Ef 4:1b)
Amen.

GROEPSGESPREK
Gee aan die gemeente by elk van die 6 punte ‘n punt uit 10. Waar en hoe kan ons verbeter? Is ons ‘n gemeente wat aan sy roeping beantwoord?